**Hebreërs: ‘n Inleiding en Oorsig**

**Heb 6:13-20**

**9 Januarie 2022**

1. Hoekom ‘n reeks uit Hebreërs? (1) Het raakvlakke met Numeri (2) Hanteer leerstellige waarhede nuttig om Bybelse boodskap te verstaan (3) Relevant vir die situasie in die kerk
2. Inleidende opmerkings
    a. Het tyd geneem om universeel as deel van die kanon erken te word
    b. Baie persone is al voorgestel as die skrywer: Paulus, Lukas, Apollos, Barnabas, Clement, Priscilla. My siening: ‘n onbekende persoon onder leiding van die Heilige Gees
3. Aan wie is die brief gerig?
    a. Heb 1:1 – gelowiges van Joodse afkoms
    b. Heb 13:7, 24 – gelowiges wat deel was van ‘n groter groep, dalk gemeente
    c. Heb 5:12 – gelowiges wat alreeds geruime tyd gelowiges is
    d. Heb 10:32-34 – gelowiges wat in die verlede al volhard het onder moeilike omstandighede
    e. Heb 5:11-12 – gelowiges wat nou traag geword het
    f. Heb 10:35-36 – gelowiges wat die gevaar loop om hulle geloof prys te gee
4. Wat is die Hebreërskrywer se antwoord op hierdie situasie?
    a. Maak hulle skaam oor hulle kwynende geloofsverbintenis (Heb 5:11-6:3)
    b. Wys hulle op die katastrofiese gevolge wat hulle kan verwag as hulle so voortgaan (Heb 2:2-3, 4:11, 6:4-6. 10:26-27, 12:25)
    c. Roep hulle op:
        i. Elkeen moet self volhard in die geloof (Heb 2:1, 12:1-2)
        ii. Hulle moet na mekaar omsien sodat almal in geloof volhard (Heb 3:13, 4:1, 10:24-25)
    d. Hoofargument: Herhaalde onderstreping van wie Jesus is en hoe heerlik Sy werk is
        i. Jesus se verhewendheid (bo profete Heb 1:1-3, bo engele Heb 1:4, bo Moses Heb 3:2-3, bo Josua Heb 4:8-10, bo Aäron Heb 5:4-5,10, Middelaar van beter verbond Heb 8:6)
        ii. Christelike geloof is beter as Joodse geloof (beter hoop Heb 7:19, beter verbond Heb 7:22, voortrefliker priesterdiens van beter verbond gegrond op uitnemender beloftes Heb 8:6, beter offer Heb 9:23, beter en blywende besitting Heb 10:34, beter vaderland Heb 11:16, verwag beter lewe Heb 11:35, nog iets beter Heb 11:40)
        iii. Inhoud van Christelike geloof is groot (groot saligheid Heb 2:3, groot Hoëpriester Heb 4:14, groter en volmaakter verbondstent Heb 9:11, groot beloning Heb 10:35, groot skare geloofsgetuies Heb 12:1, groot Herder Heb 13:20)
    e. As hulle getrou bly, kan hulle seker wees (God sal Sy beloftes hou Heb 6:18-20, Jesus se offer is volmaak Heb 10:12-14, kan heiligdom met vrymoedigheid betree Heb 10:19-20, sal deel wees van hemelse Jerusalem Heb 12:22)
5. Toepassing
    a. Huidige toestand in kerk is soortgelyk as die van die Hebreërs
    b. Hebreërs se aanbeveling is nie om meer oppervlakkig te word nie, eerder meer diepgaande